MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

31 MAY 2011

Coalition forming

"Our first reaction is one of disappointment with the fact that the National Freedom Party (NFP) decided to team up with the ANC in forming coalitions in several KZN municipalities. We want to however emphasize the importance of coalitions for the advancement of true democracy." says Christian Democratic party (CDP) leader, Theunis Botha.

"From past experience, abroad as well as other hung municipalities in South Africa, coalitions have proven to be the best remedy against corruption, nepotism and power mongering typical of one party dominance. Cape Town is a good example of how a DA administration, followed by an ANC administration, was straightened out by a multi party administration. Whether the DA will now fare better on its own than in the Morkel - Marais era, still needs to be seen."

"We believe that the NFP's decision to side with the ANC, and not the IFP in the hung municipalities is a typical KZN feature, where the IFP run municipalities often fare even worse than those in the hands of the ANC. It is also a reflex action against the aging Buthelezi overstaying his welcome. Yet, we find it sad that this culminated into placing even more power in the hands of the ANC, which have proven by now, that they are incapable of ruling the country effectively. We thus urge the NFP to keep the ANC on its toes in those hung municipalities, and when – not if – they fail, to consider forming a new alliance so as to stress how important the smaller parties are to safeguard the country against the dangers of a one party, or two party system."

Koalisievorming

"Ons eerste instink is om teleurgesteld te wees met die feit dat die Nasionale Vryheidsparty (NVP) besluit het om in verskeie munisipaliteite in KZN koalisies met die ANC te vorm. Ons besef egter ook die belangrikheid van die feit dat koalisies ter wille van gesonde demokrasie gevorm moet word, en dus ook beklemtoon moet word," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese party (CDP).

"Uit voorbeelde uit die res van die wêreld maar ook van onbesliste munisipale rade in Suid-Afrika in die verlede, blyk dit dat sulke koalisies die beste waarborge teen korrupsie, nepotisme en magshonger bied, wat tipies van 'n eenparty-oorheersing is. Kaapstad is 'n goeie voorbeeld van hoe eers 'n DA-administrasie, en toe 'n ANC-administrasie deur 'n veelparty-bewind op koers gekry is. Of die DA op sy eie nou beter sal vaar as die administrasie uit die Morkel – Marais-bedeling, sal nog gesien moet word."

"Ons glo die NVP se besluit om koalisies met die ANC eerder as die IVP te vorm, 'n tipiese KZN-verskynsel is waar munisipaliteite wat deur die IVP beheer word, dikwels swakker vaar as die van die ANC. Dit is ook 'n refleks-aksie teen die feit dat Buthelezi se magsverkleefdheid lank reeds by sy rakleeftyd verby is. Tog vind ons dit jammer dat dit saamgewerk het om nog meer mag in die hande van die ANC te plaas, wat teen dié tyd dubbel en dwars bewys het nie in staat is om die land doeltreffend te regeer nie. Ons moedig die NVP dus aan om die ANC op sy tone te hou, and as hulle nie die pas vol kan hou nie, dit te oorweeg om nuwe alliansies te vorm om so te beklemtoon hoe belangrik kleiner partye is om die land van die gevare van eenparty- of tweepartyoorheersing te vrywaar."